*VERSLAGWAARDIG:JA/NEE*
*SIRKULEER ONDER LANDDROSTE:JA/NEE*
*SIRKULEER ONDER REGTERS:JA/NEE*

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (NOORD-KAAPSE AFDELING)

***KIMBERLEY***
***SAAK NO.:822/2002***
***DATUM:22-03-2001***

In die Hersieningsuitspraak van:

**DIE STAAT**

teen

**TSHEPO ROSES**

***CORAM:*** MAJIEDT R et WILLIAMS WnR

# *U I T S P R A A K*

**WILLIAMS WnR:**

1. Kgomo RP het op hersiening navraag gedoen aan die landdros, die strekking waarvan as volg is:

> *"1. Die beskuldigde was 'n kind van 16 jaar tydens die verhoor. Het die landdros nie besef dat hy, al is dit ook met die bystand van sy voog, nie die mas teen die vingerafdrukdeskundige sou opkom nie? Sy kruisondervraging was ook heeltemal ontoeganklik. Waarom is hy nie aangeraai om 'n regsverteenwoordiger aan te stel nie? Is hy nie ernstig deur hierdie versuim benadeel nie?*
>
> *2. Daar is niks in beskuldigde se besit gevind nie. Is daar*

*bewys dat hy alles wat uit die biblioteek vermis is gesteel het?*

*3. Is 3 jaar gevangenisstraf, alhoewel dit voorwaardelik opgeskort is, nie buitensporig swaar nie?*

*4. Is die korrektiewe toesig werksure vanaf 08h00 tot 16h00 nie te lank vir 'n 17-jarige nie? Moet die tydperk van een jaar waaroor die korrekitewe diens verrig moet word nie frustrerend uitgerek nie?"*

Nadat die landdros sy redes verskaf het, is ook 'n regsmening deur advokaat de Nysschen van die kantoor van die Direkteur van Openbare Vervolgings met die oorkonde deurgestuur. Die regsmening is baie volledig en behulpsaam en ek wil my dank uitspreek hieroor.

Ek is tevrede dat die beskulidgde se reg tot regsverteenwoordiging aan hom verduidelik is sowel as die feit dat hy die Regshulpraad kan kontak, sou hy nie 'n verteenwoordiger kan bekostig nie. Hierdie inligting is aan hom gegee in die teenwoordigheid van sy voog, sy 27 jarige suster en albei het bevestig dat hulle dit verstaan, maar dat die beskuldigde sy eie verdediging wil waarneem. Die vereistes soos uiteengesit vir ***S v Radebe; S v Mbonami*** en ***S v Rudman and another, S v Mthwana*** is aan voldoen en is die beskuldigde nie in hierdie opsig benadeel nie.

Ek is ook verder tevrede dat die omstandigheidsgetuienis in hierdie saak van so 'n aard is dat in die afwesigheid van 'n redelike moontlike weergawe vanaf die beskuldigde, die landdros geregtig

was om die afleiding te maak dat beskuldigde die goedere beskryf in die klagstaat gesteel het, al was hierdie goedere nie in sy besit gevind nie.
Ek is dus van mening dat die beskuldigde se skuldigbevinding tereg geskied het.

Die probleem hier ontstaan met die vonnis opgelê aan die beskuldigde.
Hy is gevonnis ten opsigte van die huisbraak met die opset om te steel en diefstal van goedere ter waarde van ongeveer R5 000,00 tot drie(3) jaar gevangenisstraf opgeskort vir vyf(5) jaar op voorwaarde; i) dat hy nie weer skuldig bevind word aan huisbraak met die opset om 'n misdryf te pleeg in die tydperk van opskorting nie en, ii) dat hy daagliks vir een jaar vanaf 1 Augustus 2001 tot en met 31 Julie 2002 gemeenskapdiens verrig by die Vryburg hospitaal vanaf 08h00 tot 13h00 en weer vanaf 14h00 tot 16h00.

Die beskuldigde was ten tye van die oplegging van vonnis 17 jaar oud en te tye van die pleeg van die misdryf 15 jaar oud. Hy is ook 'n eerste oortreder.

Die Kantoor van die Direkteur van Openbare Vervolgings stem saam dat die vonnis in die omstandighede skokkend swaar is en beveel aan dat dit verminder word na 18 maande gevangenisstraf wat in geheel voorwaardelik opgeskort word vir 5 jaar en dat die opskortingsvoorwaarde rakende gemeenskapsdiens moet lees *"gemeenskapsdiens vir 'n tydperk van 1 jaar vanaf Maandag tot Vrydag tussen 08h00 tot 13h00 en 14h00 tot 16h00."*

Die landdros het aan die einde van sy redes daarop gewys dat die beskuldigde huidiglik in die gevangenis verkeer terwyl hy sy verhoor afwag op 'n aanklag van verkragting waarvoor hy gedurende Desember 2001 gearresteer is. Tydens die voormelde arrestasie was die beskuldigde verhoorafwagtend op 'n aanklag

van besit van dagga waarvoor hy gedurende Oktober 2001 gearresteer is.

Die gevolg hiervan is dat die beskuldigde tot op die datum toe die landdros sy redes verskaf het, nog nie begin het om die gemeeskapsdiens by Vryburg hospitaal te verrig nie.

Gegewe die moontlikheid dat die beskuldigde vir ‘n aansienlike tyd nog in die gevangenis mag verkeer óf as verhoorafwagtende óf as gevonnisde op een of albei van die voormelde aanklagte, sal daar geen sin in wees om die opskortingsvoorwaarde ten aansien van gemeenskapsdiens te bekragtig nie. Hiermee word die gepastheid van só ‘n opskortingsvoorwaarde in die onderhawige geval geensins betwyfel nie, inteendeel die landdros het ‘n prysenswaardige benadering gevolg deur só ‘n opskortingsvoorwaarde toe te voeg.

Ek is dit eens met die regsmening van Adv. De Nysschen dat die vonnis skokkend onvanpas is en dat inmenging op hersiening geregverdigd is. Inaggenome egter die feit dat die opskortingsvoorwaarde ten aansien van gemeenskapsdiens om praktiese oorweginge nou wegval, meen ek dat die voorgestelde vonnis van 18 maande gevangenisstraf in geheel opgeskort te lig sal wees.

**Die skuldigbevinding word bekragtig. Die vonnis word tersyde gestel en vervang met die volgende:**

“**Vier-en-twintig (24) maande gevangenisstraf wat in geheel opgeskort word vir ‘n tydperk van 5 jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan huisbraak met die opset om ‘n misdryf te pleeg of diefstal wat gepleeg word gedurende die tydperk van opskorting nie.**”

C.C WILLAIMS
WAARNEMENDE REGTER

Ek stem saam.

S.A. MAJIEDT
REGTER